

4 Julie

Skrifgedeelte: Handeling 6:1-7
Fokusgedeelte: Handeling 6:4, 6

Die eintlike werk van ampsdraers

'n Nuwe krisis was nou dat daar teen die Hebreussprekendes klagtes gekom van die Griekssprekendes dat hulle weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep word. Die 12 apostels roep toe al die gelowiges bymekaar en sê vir hulle: "Dit is nie reg dat ons die verkondiging van die woord van God verwaarloos om die versorging te kan behartig nie. Nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel. *Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee.*" Nadat daar sewe manne aangewys is, lees ons in vers 6: "*Die gelowiges het hulle voor die apostels gebring, en dié het vir hulle gebed en hulle die hande opgelê.*"

Die hoofsaak van die apostels was om te bid en die Woord te bedien. Toe die nuwe krisis ontstaan, is diakens aangewys sodat die apostels met hulle eintlike werk kon voortgaan. Nadat die diakens aangewys is, is daar eers vir hulle gebed voordat hulle met hulle dienswerk begin het.

Bid vir die volgende:

- Dat ons dominee sy tyd sal bestee deur te bid en die Woord te bedien.
- Dat ons self die dienswerk in die gemeente en die wêreld sal doen.
- Dat ons ons deur ons diakens in ons meelewing sal laat lei.
- Dat die Here die dienswerk van ons diakonie sal seën.
- Dat die Here ons dominee, ouderlinge en diakens deur sy Gees en Woord sal lei.

Sing: Psalm 134:1, 3 (1936)

Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)